Badisa Trio

Jaarverslag

2020 / 2021

'N DIENS VAN
A SERVICE OF
Badisa www.badisa.org.za

Badisa Trio
caring in action

NPO NO: 011 891

“To be in your children’s memories tomorrow,
You have to be in their lives today.”
- Barbara Johnson

Wie is Badisa Trio?

Badisa Trio is ‘n program van Badisa, ‘n geregistreerde nie-winsgewende organisasie (NPO 011-891).

Badisa Trio het ‘n mandaat om op te tree volgens die Kinderwet, Wet 38 van 2005, ten einde kwesbare kinders te beskerm.

Badisa Trio lewer kinderbeskermingsdienste in die volgende areas: Bellville, Durbanville, Brackenfell, Kraaifontein en Scottsdene.

Missie en Visie

Missie

Omgee in Aksie

Visie

Om individue, families en gemeenskappe te bemagtig deur omvattende gemeenskaps gebaseerde programme

Samevatting van Badisa Trio personeel

Badisa Trio personeel samestelling:

- 19 Maatskaplike Werkers
- 5 Maatskaplike Hulpwerkers
- 3 Administratiewe beamptes
- 2 Skoonmakers
- 2 Bestuurders Maatskaplike Dienste



'n Boodskap van die Voorsitter

2020/2021 Was in baie opsigte 'n moeilike jaar vir Badisa Trio. Die grootste uitdaging was Covid-19 pandemie wat die wêreld getref het. Eerstens het dit 'n effek op ons personeel gehad deurdat baie van hulle positief vir Covid getoets het. Dit het onder andere veroorsaak dat personeel baie keer van hulle huise af moes werk. Tweedens het dit 'n effek op die samelewing deurdat baie mense hulle werk verloor het. Dit het gelei tot armoede en dat ouers nie meer vir hulle kinders kon sorg nie.

Verder bly aanrandings en verkragting van vrouens 'n groot probleem. Sulke probleme het natuurlik ook 'n groot negatiewe effek op kinders. Dit is in hierdie omstandighede waar welsynsorganisasies 'n groot rol speel om hulp van watter aard ookal en binne ons vermoë aan ons gemeenskappe te verskaf.

Welsynsorganisasies bly afhanklik van finansies om vir sy personeel en infrastuktuur te betaal. Badisa as instansie kry 'n subsidie van die staat om vir die aantal maatskaplike werkers, hulpwerkers en administratiewe werkers asook ander uitgawes in ons diens te betaal. Dit is egter nie naastenby genoeg nie. Vir die 2020/2021 boekjaar was die staat se gedeelte maar 82% van ons totale uitgawes. Ons moet dus fondswerwing doen om die res van die koste goed te maak. Ons het vir die 2020/2021 boekjaar meer as R 1,2 miljoen aan donasies en skenkings ontvang en daarvoor sê ek uit die diepte van my hart vir almal wat bydraes gelewer het baie dankie.

Personeelwisseling bly 'n probleem. Ons verloor gereeld personeel hoofsaaklik omdat die vergoeding wat ons kan bekostig nie tred hou met wat die staat vir sy maatskaplike werkers betaal nie. Dit het 'n effek op die werking van kantore.

Ons gebruik tans eiendom wat aan die NG Kerk en Goeie Hoop Bestuursmaatskappy (GHBM) behoort as kantore. Die probleem is dat daar gedurig instandhouding gedoen moet word. Dit moet in samewerking met die eienaars gedoen word. Badisa Trio as huurders is natuurlik ook aanspreeklik vir van die kostes. Verder moet ons voertuie en rekenaars ook deurlopend aandag kry en waar moontlik vervang word.

Ek wil afsluit deur die volgende bedankings te doen:

- Eerstens aan ons Hemelse Vader sonder wie se hulp die program nie kan klaarkom nie. Sonder Hom is alles wat ons doen tevergeefs.
- Aan al ons personeel wat onder moeilike omstandighede baie goeie werk verrig.
- 'n Spesiale woord van dank aan al ons vrywillige werkers vir hulle onbaatsugtige diens by Badisa Trio.
- Aan al ons beheerraadslede vir hulle hulp en bystand. Ek sou nie sonder julle kan klaarkom nie. Hartseer is dat ons een van ons beheerraadslede (oom Jan van Aswegen) a.g.v. Covid aan die dood afgestaan het. Ons eer sy nagedagtenis vir al die goeie werk wat oom Jan deur die jare vir Badisa Trio gelewer het.
- Aan Karen en Annie vir hulle werk as Bestuurders Maatskaplike Dienste.
- Aan al ons donateurs sonder wie se skenkings ons werklik nie kan klaarkom nie.

Baie dankie

Johnny Lourens

"I am only one, but I am one.
I cannot do everything,
but I can do something.
And I will not let what
I cannot do interfere
with what I can do."

Edward Everett Hale

Badisa Trio and Covid-19

The Covid-19 pandemic has affected the lives of all South Africans and many people have been saying that we are all in the same boat. This is not true we are in the same storm – the storm being this pandemic. We are however not in the same boat. Some people are on yachts, others are on ships that are sturdy and strong, but most South Africans are on wooden boats, others are clinging to floaters and many are drowning.

Serving vulnerable families does not stop during a pandemic. In fact, many of the issues already prevalent in our communities have escalated. Poverty, abuse, domestic violence, the lack of supervision of children whilst schools are closed and mental health issues are only a few of the concerns. From the beginning of level 5 lockdown in March 2020, Badisa Trio has continued to serve those South Africans who are on wooden boats, floaters and also those who are drowning. The social workers have been very busy assessing the needs of families, providing support emotionally and physically, handing out donations of food/clothing etc. and even providing education about how to keep yourself safe during a pandemic. The social workers have been on the frontline serving the communities of Cape Town selflessly.

Dienslewering aan kinders en gesinne

Badisa Trio lewer ‘n kontinuum van dienste aan kinders en hul gesinne. Hierdie dienste bestaan uit:

Bewusmakings-dienste

Projekte en programme word aangebied om die gemeenskap bewus te maak van kinderbeskermings-kwessies

Voorkoming- en vroeë intervensie dienste

Gevalle-, groep- en gemeenskapwerk word gelewer ten einde statutêre dienste te voorkom

Statutêre-dienste

Kinderhofondersoeke wat op die beste belang van die kind gerig is vind plaas, wat soms lei tot die plasing van die kind in alternatiewe sorg.

Nasorg-dienste

Kinders in alternatiewe sorg en hul families ontvang gesinsherenigingsdienste ten einde hereniging te bevorder.

Aantal mense bereik

Om die omvang van dienslewering in perspektief te plaas is die volgende statistiek belangrik:

In totaal is daar 31 361 mense in die afgelope jaar bereik.

- 4496 individue is op individuele vlak van dienste voorsien.
- 161 individue is in groepverband van dienste voorsien.
- 26 704 individue is deur middel van gemeenskapswerk van dienste voorsien. 22256 van hierdie persone is deur middel van sosiale media bereik tydens die grendeltyd.



Uiteensetting van problematiek

Problematiek

- 248 Verwaarloosde kinders
- 168 Mishandelde kinders
- 101 Gedragsmoeilike kinders
- 78 Verlate kinders
- 68 Gemolesteerde kinders
- 36 Skoolversuim
- 14 Substansafhanklike kinders
- 4 Tienerswangerskappe



Oorsaaklike faktore van kindermishandeling en verwaarlosing

Problematiek

- 566 Onvoldoende ouerskapvermoëns
- 266 Verhoudingskonflik
- 136 Substansafhanklikheid
- 114 Onvoldoende inkomste om kinders te versorg
- 87 Werkloosheid
- 66 Gesinsgeweld
- 14 Geestesongesteldheid
- 3 Werkskupersone
- 2 Bendebetrokkenheid



Kinderbeskermingsdienste gelewer

237

Risiko asseserings is afgehandel

9

Kinders is in pleegsorg geplaas

48

Kinderhofondersoeke is afgehandel

17

Kinders is in Kinder- en Jeugsorgsentrums geplaas

116

MEDIASIE ONDERSOEKE
IS ONTVANG EN HANTEER

Pleegsorg- en Gesinsherenigingsdienste

As gevolg van die oorsake soos in die verslag genoem, word Maatskaplike Werkers soms genoodsaak om kinders uit hul biologiese ouers se sorg te verwyder.

In die afgelope jaar het Badisa Trio dienste aan 447 kinders gelewer wat reeds uit hul ouers se sorg verwyder is en in pleegsorg verkeer.

Daar is ook dienste aan 287 biologiese ouers gelewer ten einde moontlike hereniging met hul kinders te kan bewerkstellig.

12 Kinders is in hul ouers se sorg herstel.

DIENSTE AAN GEMEENSKAPPE

POPPIE PROJEK

Badisa Trio het ‘n Poppie Projek waar lappoppe verkoop word in die gemeenskap.

Elke poppie verteenwoordig ‘n kind waarmee Badisa Trio werk. Die inkomste wat gegenereer word uit die verkope van die poppies word aangewend vir die dienslewering aan kinders.
Bv. betaling vir gespesialiseerde kinder assesserings.

POPPEKASTE

Baie van Badisa Trio se aanmeldings kom van die skole in die gemeenskap af. Badisa Trio werk baie nou saam met die skole en vroeëkindontwikkelingsentrums in die bedieningsgebied deur gereelde poppekaste aan te bied, ten einde kinders bewus te maak van seksuele misbruik en boelie gedrag.

OUERLEIDING

Badisa Trio bied gereelde ouerleiding-sessies aan. Hierdie sessies rus die ouers met nuwe vaardighede toe, ten einde ‘n gesonde kind en ‘n gesonde gemeenskap te ontwikkel. Ouerleiding het gedurende die grendeltydperk virtueel plaasgevind.

KINDERWET OPLEIDING

Badisa Trio bied gereelde sessies aan vir kinders, families en gemeenskapslede om hul in te lig rakende die Kinderwet, Wet 38 van 2005, met die fokus op kinders se regte en verantwoordelikhede.

THURSDAYS IN BLACK

Thursdays in Black is ‘n internasionale beweging wat Badisa Trio ondersteun. Die personeel kweek ‘n bewustheid van geslagsgeweld, deur elke Donderdag swart aan te trek en ook plasings op sosiale media te maak. Badisa Trio moedig ook die publiek aan om deel te raak van die inisiatief.

STUDENTE

Badisa Trio is betrokke by studente opleiding en het die afgelope jaar ses, 3de en 4de jaar maatskaplike werk studente van die Universiteit van Stellenbosch geakkommodeer.

Studente is ‘n groot hulpbron vir Badisa Trio. As deel van hul opleiding, bied hul hulp en ondersteuning aan die gemeenskap deur middel van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapwerk.

Gemeenskaps-betrokkenheid by Badisa Trio

VRYWILLIGERS

Vrywilligers maak die onmoontlike moontlik.

Vrywilligers vat hande met Badisa Trio se personeel om 'n verskil in die gemeenskap te maak

Vrywilligers word onder andere benut by die beheerraad, in die klerewinkels, om poppekaste aan te bied, om opknappingswerk by die kantoor te doen en om stories te skryf vir sosiale media.

"Alone we can do so little; together we can do so much."
– Helen Keller

DONATEURS

Donateurs is persone, organisasies en kerke wat Badisa Trio ondersteun.

Donateurs:

- Maak dit moontlik vir maatskaplike werkers om hul kliënte te kan stuur vir assessering en terapie.
- Maak dit moontlik vir maatskaplike werkers om vir babas in noodsituasies van doeke en melk te voorsien.
- Skenk nie-bederfbare voedsel wat dit moontlik maak om kospakkies aan gesinne in nood uit te kan deel.
- Skenk klere en huisraad wat dit moontlik maak om gesinne in nood by te staan en ook die tweede-handse klerewinkels te kan bedryf.
- Skenk skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes wat die bedryfsuitgawes van die kantore verlig.
- Gee finansiële donasies wat die algemene bedryfskostes van Badisa Trio verlig.

Badisa Trio
Inkomstes en Uitgawes



Inkomste en uitgawes per kantoor



Story of hope

Hannah is a two-year-old girl who lives with her biological parents. She loves playing with her dolls and in her sandpit in the backyard. She is a happy child at both home and crèche and is known for her giggles and the dimple on her left cheek.

In 2020 the Children's Court was approached due to allegations of domestic violence and substance misuse by the biological parents' part. However, during the investigation, the social worker was not able to gather enough evidence to deny or confirm allegations as various sources gave contradictory information. A recommendation could therefore not be made to the court with regards to Hannah being a child in need of care and protection or not.

Hannah was consequently sent for an assessment to establish her emotional well-being and determine if she was at risk within the family home. The counsellor, who had the necessary skills and could be objective in the matter, was able to obtain the necessary information to assist the social worker in making a recommendation that would be in Hannah's best interest. Hannah remains safely in the care of her parents and the social worker renders family preservation services to her family. These services are specifically tailored to suit the family's individual needs with regards to the aspects that came to light as a result of the assessment. The family is making good progress and is thankful for the support they are receiving to family together as a family unit.

Kontak Badisa Trio

Badisa Trio
caring in action

'N DIENS VAN
A SERVICE OF
Badisa

Volg ons op Facebook:
www.facebook.com/BadisaTrio

021 987 2940 | info@badisatrio.co.za
www.badisatrio.co.za

Facebook Instagram LinkedIn